

Sing vooraf staande: Psalm 48:1, 4 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 4 Ons wil, o HEER, wat redding skenk, / aan al u goedheid bly gedenk
as ons tesaam is in u woning. / Net soos u Naam is, grote Koning,
so is u glansverskyning: / die vyand se verdwyning
word aan die volkere bekend / tot by die aard' se verste end.
U hand wat nooit die kwaad gedoog, / rys vol geregtigheid omhoog.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 33:1, 7 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde^{en} lof verklank!
- 7 Die HEER wat bo die wentelkringe / van son en maan sy rykstroon stig,
aanskou die mense^{en} alle dinge – / daar's niks bedek voor sy gesig.
Uit sy vaste woning / waar Hy heers as Koning, / sien Hy, Skepper-HEER,
uit oneindig hoë / blou-deurglansde boë / op sy skepsel neer.

Gebed

Psalm 89:7 (p. 445)

- 7 U tog, U is hul roem, hul sieraad en hul prag, / wat hul bekleed met sterkte^{en} onverwinb're mag.
Uit vrye guns alleen, uit ewige mededoë, / hef ons die hoof omhoog, weer sterk deur Gods vermoë.
Want God is ons 'n skild, die weerkrag van ons lewe; / en onse Koning is deur Isr'els God gegewe.

Skriflesing: Jesaja 33

Teks: Jesaja 33:22; Kategismus Sondag 48

**Want die HERE is ons Regter, die HERE is ons Aanvoerder, die HERE is
ons Koning: Hy sal ons verlos.** (Jesaja 33:22 AFR53)

Die HERE is ons Koning en Hy sal ons red. Die Here regeer en Hy het 'n koninkryk.

- Ons bid in die *Onse Vader* ook dat die Vader wat in die hemele is, sy koninkryk moet laat kom.
- Die *Onse Vader* sluit dus by die profesie van Jesaja aan. Solank ons net altyd onthou dat die Here God 'n Drie-enige God is, en dat die dinge wat die Vader van Homself aan ons geopenbaar het, ook waar is van die Seun en die Heilige Gees.

Ons gee in hierdie preek aandag aan die volgende sake:

- 1. Die Here Jesus is die Koning van God se koninkryk**
- 2. Wat bid ons oor die koninkryk van God?**
- 3. Die oorwinning oor die duiwel**

1. Die Here Jesus is die Koning van God se koninkryk

Jesus Christus regeer oor die koninkryk van die Vader.

- Voor sy geboorte op aarde is daar al aangekondig dat Hy die Seun van die Allerhoogste genoem sou word.
- Aan Hom sal die Here God die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal Koning wees tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.
- Dit is natuurlik 'n belofte wat die Here aan Dawid gemaak het wat so in vervulling gaan.

Die betekenis hiervan vir ons is dat ons aan Jesus Christus behoort.

- Daarom is ons deel van hierdie koninkryk wat oor die grense van tyd en volke heen span.
- Nou is die vraag: Is ons bewus hiervan, en in watter mate onderwerp ons ons aan hierdie Koning wat beslis magtiger is as enige mag waarvan ons in ons bestaan bewus is?

Kom ons bekijk hierdie saak uit 'n gelowige oogpunt en dan praat ons in bekende geloofstaal oor hierdie groot saak, en kyk hoever bly ons nog by, of hoever het ons al afgestomp geraak.

Eerste praat ons oor die Koning wat regeer.

- Ons erken Jesus Christus as die ewige Koning van die kerk.
- Ons bely dat sy heerskappy so wyd en omvattend is dat daar nie een dingetjie is wat nie daaronder val nie.
- Ons glo dat Hy die Koning is wat deur die hele Ou Testament belowe is, en toe gekom het.
- Ons glo ook dat Hy weer kom om dan sy koninkryk in volmaaktheid tot in ewigheid te vestig.
 - Daar staan in Lukas 1:32 dat Jesus Christus groot sal wees. Die betekenis daarvan is dat Jesus God is van hemel en aarde, en dat ons dit met sy wederkoms ten volle sal sien.

Ons glo veral dat Hy ons - sy uitverkorenes - met die mag van sy genade tot bekering beweeg.

- Hy doen dit deur sy Woord en Gees.
 - Ons lees sy Woord, en ons hoor dit, en terselfdertyd onderwerp sy Gees ons aan Hom sodat ons uit ons hart uit aan Hom gehoorsaam wil wees.

Daarom is dit voor die hand liggend dat die regering van die Koning Jesus Christus op twee maniere deur mense ontvang sal word.

- Die wat Hom haat, sal dadelik voel dat hulle bedreig word, want hulle wil nie aan Hom gehoorsaam wees nie, en hulle wil ook nie aan die beperkinge van sy wil onderwerp wees nie.
- Die ware gelowige, aan die ander kant, waardeur die regering van hierdie Koning omdat hy daarin die waarborg en die sekerheid van alle dinge sien.
 - Hierdie mens ervaar 'n salige gevoel van blydschap in sy hart omdat hy weet dat sy lewe en sy toekoms veilig is, en dat selfs sy daaglikse lewe gewaarborg word deur die krag en wysheid van hierdie ewige Regeerder.
 - Die opregte gelowige ervaar ook die regering en die koningskap van die Here Jesus Christus al hoe meer, want hy voel hoe die Here hom toenemend aan Hom onderwerp.

- En dit beweeg die gelowige om homself al hoe meer aan die Here te onderwerp; om al hoe meer sy sondes af te sterf, en saam met alles te groei in sy geloof sodat daar in hom 'n lewe wat groei na die volmaakte toe tot stand kom.

2. Wat bid ons oor die koninkryk van God?

Al hoe meer ons groei na volmaaktheid, en probeer groei, al hoe meer besef ons die gevaar waarin ons lewe.

- Ons is werklik in gevaar, want hierdie gedeelte van ons lewe het 'n groot veld van onsigbare dinge. En in daardie onsigbare wêreld is daar kragte waarteen ons ons moeilik kan versit.
- Daarom moet ons bid vir bewaring. Ons moet bid vir beskerming onder God se krag.
- Ons moet ook bid dat die Here ons moet help in ons swakhede sodat ons die sonde kan oorwin. Dus, dat God se koninkryk moet kom.

As ons bid dat ons in God se vrede bewaar wil word, en ook dat dit daadwerklik in ons lewe gesien moet word, dan raak dit twee tydperke.

- Dit raak ons lewe nou,
- maar dit raak ook die hiernamaals.
- Die een tydvak loop altyd oor in die ander.
- Eintlik is dit nie twee tydperke nie, maar een tydperk wat in twee verskillende fases onderskei word.

As ons in die hiernamaals in God se koninkryk wil wees, *dan moet ons in hierdie lewe die kwaad weerstaan.*

- Dit kan alleen gebeur as God ons bewaar teen die skadelike werking van die Satan.
- Ons – alleen met ons kragte – beteken nie veel teen die duiwel nie.

Ons bid ook dat *die Here sy kerk moet bewaar en vermeerder*, want daar is mense wat oor hierdie sake eenders voel en eenders glo.

- Ons bid dat die Here ons almal wat so glo, moet saamvoeg sodat ons saam kan stry. Dit is ook hoe die kerk groei.
- Ons weet ook dat die kerk die middelpunt van God se verbond is, en daarom ook van sy koninkryk, want binne die kerk is die mense met wie God sy genadeverbond opgerig het in Jesus Christus.
- Dis die mense wat glo in God se liefde en beskerming.

God se koninkryk kom ook deur ons kennis.

- Daarom moet ons bid dat die Here ons kennis moet vermeerder sodat ons die waarheid mag ken.
- En as ons dit wat ons moet ken, nie ken nie, moet ons bid dat ons dan na die waarheid toe mag beweeg.

Al die dinge gebeur op verskillende maniere, maar almal word gewerk deur die Heilige Gees, en vir die kerk is die belangrikste een die vrug op die prediking.

3. Die oorwinning oor die duiwel

Ons lees in Johannes 12:31 en 16:11 dat die Koning van die kerk, Jesus Christus, sê dat die owerste van hierdie wêreld uitgedryf moet word, en ook uitgedryf sal word.

Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld, nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word. (Johannes 12:31 AFR53)

... en van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie; en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is. (Johannes 16:10-11 AFR53)

Dit het toe ook so gebeur dat die Here Jesus met sy kruisdood die duiwel oorwin het, en ook nog daaglik beheer.

Maar dit is ook so dat ons steeds met die duiwel in konflik is, want die Here Jesus gebruik ons ook in ons bekering om die duiwel se werke te beperk.

- Bekering se een kant is dat die mens die aanslae van die duiwel oor hom oorwin, breek met die sonde, en terugkeer in die geloof na God toe.
- Dit kan ons alleen doen as ons weet waaroor dit gaan – in God se Woord en in sy openbaring. Dit is ook waaroor die prediking gaan.

Vrug op die prediking is dus heel eenvoudig dat ons deur die prediking die openbaring van God in sy almag, genade en oordeel leer ken.

- In die Woordverkondiging hoor ons by die Here wat Hy van ons verwag, en hoe Hy ons toerus om bepaalde dinge te kan doen, en dat ons dit dan inderdaad gaan uitvoer.
- Sodoende beweeg ons al hoe verder weg van verkeerde en lelike dinge af, en beweeg ons al hoe meer op die pad van heiligheid.

So kom die koninkryk van God - nie in alle opsigte sigbaar nie, maar beslis, en ook in ons lewens.

- Eerste omdat God self sy koninkryk bou,
- maar tweedens ook omdat die Here ons daarin gebruik.

Ons lewe nou nog in 'n stadium waarin die koninkryk van God gebou word.

- Hy rig dit eers volmaak op met die einde van ons tyd wanneer Hy op die wolke verskyn.
- Daardie oomblik gaan die kerk, wat nou nog strydend is, oor in die triomferende kerk - die kerk in sy oorwinning.

Die roem vir die oorwinning is nie die mense s'n nie, maar die van die Koning van die kerk, want sy regering het die vervulling moontlik gemaak.

- In sy regeerwerk is die beslissende oomblikke van die kerk se oorwinning altyd sy eie werk - veral die soenverdienste aan die kruis, en die doodsoorwinning met sy opstanding.

As die Koning van die kerk op die wolke kom, is ons volmaak en lewe ons ewig, met soveel heerlikheid wat ons oorspoel dat geen mens dit kan oorvertel nie. Broeders en susters, hoe raak hierdie dinge u?

- Glo die dinge, en ervaar dit ook in u lewens.
- Dis tog wat ons bely in Kategismus Sondag 48. Kom ons lees dit saam.

Vraag 123: Wat is die tweede bede?

Antwoord: Laat u koninkryk kom. Dit is: Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp (a). Bewaar u kerk en laat dit groei (b). Vernietig die werke van die duiwel, elke mag wat teen U opstaan, en alle kwaadwillige planne wat teen u heilige Woord bedink word (c), totdat die volkomeheid van u ryk kom (d), waarin U alles in almal sal wees (e).

(a) Ps 143:10; 119:5; Matt 6:33. (b) Ps 51:20; 112:6. (c) 1 Joh 3:8; Rom 16:20. (d) Op 22:20; Rom 8:22, 23. (e) 1 Kor 15:28.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 10-2 (28B)

Ons Vader wat woon in die hemel, / geheilig sy u Naam,
laat u ryk kom, u wil geskied, / soos in die hemel so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons dag se brood / en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe
die wat teen ons sondig. / Laat kom ons nie in die versoeking; / maar verlos ons van die Bose.
Van U is die ryk en die sterkte en die ere, / vir ewig en ewig, amen / vir ewig en ewig, amen.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 22 Mei 2005
Hulpdienspredikant GK Clanwilliam
Datum: 17 Februarie 2013